

23 April

Skrifgedeelte: Handeling 2:14, 22-32

Fokusgedeelte: Handeling 2:32

Christus het waarlik opgestaan

Ons lees in hierdie gedeelte die eerste Pinksterpreek, 'n preek onder leiding van die Heilige Gees. Die teks is Psalm 16:8-11. Die Heilige Gees konsentreer veral op die volgende uitspraak in die Psalm (soos aangehaal in Hand 2:26): "... ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie."

Die vraag wat hieruit na vore kom, is: Van wie praat Dawid in die oorspronklike Psalm? Van homself? Hy het tog gesterf en sy graf is daar in Jerusalem! Die Heilige Gees sê hoe ons die Psalm moet verstaan, naamlik Messiaans. Die Psalm sien profeties die nakomeling van Dawid, Jesus Christus. In Hom gaan hierdie Psalm letterlik in vervulling, want sy liggaam lewe. Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie. God het nie toegelaat dat Hy ewig in die dood vergaan nie – daarom die vreugde!

Die kern van die preek is: "God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan ...". Die getuies is daar!

Het u regtig hierdie preek van die Heilige Gees gehoor? Het u reg verstaan dat wat vir Jesus geld, ook waar is vir elkeen wat in Hom glo? Hy het mos duidelik gesê (Joh 11:25, 26): "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in my glo, sal lewe al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

Verstaan u die belangrikheid van hoor en glo?

Sing: Psalm 16:5 (JDdT)

Ds. Chris Hattingh (Randburg)